LBW **BRIEWE**

WENBRIEF

## REGERING KAN LEER BY SSK

Jean du Preez se brief "As die kommissie jou bel . . ." (*LBW*, 11 Oktober) se kern gaan oor 'n boerekoöperasie, SSK, wat nou 'n boeremaatskappy, Tuinroete Agri, wil oorneem, en die Mededingingskommissie se poging om 'n lid van Tuinroete Agri se mening daaroor te toets. Dit sal miskien vir die kommissie van waarde wees om ook die mening van die inwoners van Swellendam, waar die hoofkantoor van SSK is, te vra.

Soos met Jean die geval is, sal gemerk word dat my adres as Durbanville aangegee word, maar dat ek ook, soos Jean, as grondeienaar op die platteland 'n belang het in hoe die handel daar bedryf word. Wat in hierdie skrywe van belang is, is dat ons in ons beweging in sektore buite die grense van die landbou die moontlike voordele van hierdie samesmelting binne 'n groter gemeenskapsontwikkelingsomgewing kan sien.

Oor 'n lang tyd het Sentraal Suid-koöperasie (SSK) 'n baie groot finansiële bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling in die omgewing van Swellendam en Heidelberg gelewer. Dit het geskied gedurende 'n tydperk toe feitlik al Suid-Afrika se boerekoöperasies die knie moes buig voor – meestal vyandelike – oornames deur private handelsorganisasies.

Hierdie ondernemings se winste het meestal hul weg gevind na aandeelhouers buite die landelike gebiede, en selfs buite die landsgrense. Daarteenoor het die bestuur en boeredireksie van SSK, deur die stigting van 'n hele aantal landbouverwante maatskappye en dienste-ondernemings wat onder die sambreel van hul boerekoöperasie funksioneer, daarin geslaag om die winste van hierdie ondernemings binne hul gemeenskap te hou.

Die ontwikkeling van 'n streekswinkelsentum van topgehalte op Swellendam is sekerlik een van Suid-Afrika se beste voorbeelde van waar 'n boerekoöperasie op groot skaal tot voordeel van die omgewing se inwoners by die kleinhandel betrokke geraak het. Die ontwikkeling van soortgelyke winkelsentrums in ander sentra word dikwels gefinansier deur kapitaal van so ver as China, met winste wat dan natuurlik ook daarheen teruggaan.

SSK se betrokkenheid van 68% by die ontwikkeling van 'n inkopiesentrum, met verskeie nasionale winkelgroepe as huurders, het van Swellendam 'n sentrale handelsentrum binne 'n groter geografiese streek gemaak. Voor dit moes inwoners van Swellendam, Barrydale, Heidelberg en selfs Bredasdorp na Somerset-Wes, Worcester en Mosselbaai reis om van die produkte wat nou in Swellendam te kry is, te bekom.

SSK se webwerf, **www.ssk.co.za**, wys ses maatskappye waarin SSK 'n meerderheidsaandeel het, twee met 'n 50%-aandeelhouding en een met 'n aandeel van 40%. Die webwerf wys verder ook inligting oor die Landmark-bedryfsregafdelings op Swellendam en Heidelberg, Agriland-winkels op Swellendam en Robertson, 'n spesialis-wynwinkel waar onder meer wyne van die streek op Swellendam te kry is, twee brandstofverkoopspunte op Swellendam, landbouwerkwinkels op Swellendam, Heidelberg en George, en nog vele ander landbouverwante dienste wat 'n mens van só 'n boerekoöperasie kan verwag. Die webwerf en die SSK-jaarverslag wys dat hierdie boerekoöperasie daarin kon slaag om deur middel van verskeie vennootskappe met bestaande, suksesvolle handelsmodelle gemeenskapsontwikkeling binne sy eie omgewing tot voordeel te kon wees.

Die Mededingingskommissie moet dus in sy ondersoek na die wenslikheid van 'n oorname van 'n landboumaatskappy deur hierdie boerekoöperasie daarvan kennis neem dat SSK suksesvol bedryf word binne 'n handelsomgewing wat lank vyandig gestaan het teenoor boerekoöperasies.

Luister ons verder ook na die alledaagse, retoriese, politieke boodskappe van die Regering van die dag is dit duidelik dat die Regering die ekonomiese betrokkenheid van plaaslike inwoners voorstaan. Ek sal nie verbaas wees as die SSK-model 'n Suid-Afrikaanse voorloper is in 'n handelsomgewing waar plaaslike mense beheer kan kry oor die handel in hul omgewing nie. Dalk kan die Regering en die Mededingingskommissie 'n paar lesse by SSK kom leer.

**BRAHAM VAN ZYL**
Durbanville